

# WAAROM IS LANDBOUPRYSE SO LAAG?

Deur

**Dr PHILIP THEUNISSEN**  
**COMPUTUS BESTUURSINLIGTING (EDMS) BPK**  
**www.computus.info**

---

Landbou is in die moeilikheid. Onder normale omstandighede het die groot hoeveelheid kapitaal wat in 'n boerdery belê word 'n laer as normale opbengskoers. Op die oomblik is landbou gladnie 'n aantreklike belegging nie omdat, op miskien enkele uitsonderings na, daar min landbouprodukte is watse pryse bogemiddeld is. Inteendeel, die meeste landbouprodukte se pryse is tans die laagste sedert die instelling van 'n absolute vrye mark in Suid-Afrika. Die vernaamste probleme tans op ekonomiese vlak in die landbou is:

- 'n Oordragvoorraad van mielies vanaf 2004 van meer as 3 miljoen ton;
- 2005 se mielie-oes wat volgens oesskattings een van die grootste nog is naamlik 11,5 miljoen ton terwyl die binnelandse verbruik maar 7 miljoen ton is;
- 'n Geringe swaai weg van mielies na enige ander somergewas wat sal veroorsaak dat daar 'n ooraanbod vir daardie gewasse ook gaan wees;
- Die lae Rand wat maak dat verskeie landbouprodukte (koring, vleis, veevoere) goedkoper ingevoer kan word as wat dit plaaslik geproduseer kan word;
- Die lae Rand wat uitvoere van kapitaalgewasse (vrugte, blomme) ontmoedig sodat daardie gewasse nie meer die groot kapitaalbeleggings daarin kan diens nie.

Op politiese vlak is daar ook nog die volgende negatiewe faktore:

- Plaaslike arbeidswette belemmer Suid-Afrika se internasionale mededingendheid en skep die geleentheid vir Asië en Suid-Amerika om die Europese markte met hulle goedkoop arbeid en gevolglik laer pryse te penetreer;
- Swart ekonomiese bemagtiging skep op hierdie stadium baie onsekerheid in die landbou en gaan waarskynlik ook redelike groot finansiële druk op boere plaas;
- Grondbelasting op plase gaan 'n werklikheid word, tot 'n groot mate om die amptenare van bankrot munisipaliteite se hoë lewenstandaard te finansier eerder as om dienste in ruil daarvoor te kry;
- Daar is 'n persepsie dat blanke boere finansiëel mildelik gehelp is onder die ou apartheidsregering. Gevolglik kry kommersiële landbou 'n baie onsimpatieke oor wanneer daar met die huidige regering onderhandel moet word.

Landbou se probleme word in lae pryse weerspieel. Die vraag is net of landboupryse aan die onderpunt van 'n ekonomiese siklus is, wat met 'n bietjie geduld outomaties weer sal herstel, of is boere by 'n kruispunt waar 'n ingrypende rigtingverandering die enigste manier is om die probleme weer reg te stel.

## **Ekonomie van skaal**

Gedurende die afgelope tien jaar was daar 'n snelle ontwikkeling van nuwe tegnologie in die landbou gewees. Dit het gestalte gevind in nuwe en meer effektiewe landbouwerktuie, plaag- en onkruidodders, kultivars, presiese instrumente, bemarkingskanale, weervoorspellings, kommunikasie-toerusting, rekenaars en vele meer. Die uitwerking hiervan was drieledig: Eerstens het opbrengs per

hektaar aansienlik verhoog en oeste het dus groter geword, ten spyte van ongunstige klimaatstoestande. Tweedens het die produksiekoste gestyg want die nuwe tegnologie is duur. Derdens word daar baie druk op landbougrond se produksievermoë geplaas en kom die volhoubaarheid van hedendaagse bewerkings- en bemestingspraktyke toenemend onder kritiek.

Die tabel toon die wêreld se geskatte produksie en verbruik van koring en growwe grane vanaf 2002/03 tot 2005/06.

**TABEL: GESKATTE WêRELDVOORRAADVLAkke (MILJOEN TON)**

<b>KORING</b>				
	<b>02/03</b>	<b>03/04</b>	<b>04/05</b>	<b>05/06</b>
Beginvoorraad	198	164	125	137
Produksie	566	555	625	602
Verbruik	-600	-594	-613	-605
<b>Oordragvoorraad</b>	<b>164</b>	<b>125</b>	<b>137</b>	<b>134</b>
<b>Oordragvoorraad as % van verbruik</b>	<b>27%</b>	<b>21%</b>	<b>22%</b>	<b>22%</b>
<b>GROWWE GRANE</b>				
	<b>02/03</b>	<b>03/04</b>	<b>04/05</b>	<b>05/06</b>
Beginvoorraad	191	166	135	178
Produksie	882	913	1010	954
Verbruik	-907	-944	-967	-961
<b>Oordragvoorraad</b>	<b>166</b>	<b>135</b>	<b>178</b>	<b>171</b>
<b>Oordragvoorraad as % van verbruik</b>	<b>18%</b>	<b>14%</b>	<b>18%</b>	<b>18%</b>

In die geval van koring is die oordragvoorraad vir die antal jare gemiddeld ongeveer 22% van die jaarlikse verbruik. Growwe grane se oordragvoorraad is ongeveer 18% van die verbruik. Die geskiedenis het getoon dat pryse van koring eers 'n opwaartse neiging begin toon wanneer die oordragvoorraad onder 20% daal terwyl dit by mielies (sowat 65% van growwe grane) eers opwaarts begin neig wanneer oordragvoorraad onder 12% daal. Daar is dus nie 'n vooruitsig dat landboupryse in die nabye toekoms sal styg nie.

Saam met die hoë voorraadvlakke kom lande wat tot 'n groot mate van gesofistikeerde tegnologie gebruik maak (Europa, Noord-Amerika, Australië, Suid-Afrika) ook toenemend onder druk van lande soos China en Argentinië waar landbougrond en arbeid goedkoop is en waar daar dus wel winsgewend teen huidige lae pryse geproduseer kan word.

### **Industriële plase**

In 'n siklus van lae pryse, soos waarin landbou homself tans bevind, bly pryse lank genoeg laag sodat swakker boere uitgedruk word om groter boere die kans te gee om die nuwe tegnologie op 'n groter skaal te kan implementeer. Die karakter van familiebesighede maak dus geleidelik plek vir industriële boerderye wat soos korporatiewe besighede bestuur moet word.

Na elke voltooidde tegnologiese aanpassing is daar dan gewoonlik 'n volgende rondte se tegnologiese veranderinge en boerderye moet weer eens groter en meer geïndustrialiseer raak om finansiële te kan oorleef. Kroniese krisisse en voortdurende boerderymislukkings wat mekaar net vinniger bly opvolg is dus die onvermydelike kenmerk van landbou. Behalwe as boere op groot skaal weer minder van tegnologie gebruik gaan maak, hulle produksie aansienlik verminder of as daar 'n ekonomiese krisis van een of ander aard ontstaan, sal hierdie proses nie omgedraai kan word nie. Die steeds vernouende koste/prys knyp tang as gevolg van stygende produksiekoste en dalende pryse sal dus daartoe lei dat

die industrialisasie van boerderye eerder aangemoedig gaan word ten koste van tradisionele familieboerderye.

Soos wat die huidige siklus van landbou meer tegnologie en meer produksie benodig, benodig boerderye ook meer geleende kapitaal om in produksie te kan bly. Die stygende behoefte aan kapitaal en die verswakkende terugbetaalvermoë van boerderye bereik later 'n punt waar die kredietkapasiteit van die meeste boerderye oorskry word. Boere se oorlewing word dan afhanklik van banke en agribesighede en hulle toekoms is nie meer in hulle eie hande nie.

## **Mark**

Boere het in passiewe ontvangers van markseine ontwikkel en het met die koms van nuwe tegnologie al meer probeer produseer om kop bo water te hou. Dit het 42,000 boere in Suid-Afrika tot blote verskaffers van roumateriaal aan vyf tot tien groot voedselverwerkers gereduseer. Dit het die massaproduksie van enkele kommoditeite van hulle vereis (koring, mielies, melk en vleis) wat in 'n groot verskeidenheid voedselsoorte gebruik kan word.

In hul strewe om landbou meer winsgewend te maak het boere meer bly produseer. Die tegnologie het dit verder moontlik gemaak om wel meer te kon produseer. Boere het dus die mark probeer boer in plaas daarvan dat hulle die boerdery probeer bemark het. Daardeur het hulle die eenvoudige doelwit van landbou misgekyk naamlik om na die behoeftes van die verbruiker om te sien. Die dinkwerk is uit boerdery geneem want daar moes net meer geproduseer word wat aansienlik vergemaklik is deur die voortdurende verbetering in tegnologie.

## **Verandering**

Die Amerikaanse Indiane het eeue gelede al 'n eenvoudige visie vir landbou gehad: "*Feed the village, everyone in the village, and do so in a manner that disturbed nature as little as possible.*" Dit beteken dat die doelwitte van 'n boerdery gedefinieer moet word in terme van die ekonomiese, sosiologiese en ekologiese kwaliteit van lewe wat dit vir sy eienaars en ook sy gemeenskap kan bied.

Landbou het oor 'n halwe eeu heen te ver weg beweeg van sy basiese doelwitte en daardeur die simpatie en ondersteuning van die gemeenskap verloor. Na 1994 het Suid-Afrikaanse boere ook nog die simpatie van die regering verloor. Een van die eerste uitdagings van landbou is dus om weer die siening van die breë publiek oor boere te verander sodat landbou as 'n nasionale bate en nie as 'n nasionale las nie, gesien moet word.

Teen die huidige tendens sal die toekoms van landbou een wees van beter werktuie, effektiewer bewerkingspraktyke, plaagbestande kultivars, hoë bemestingspeile, hoë opbrengs, gesofistikeerde rekenaars en ultra moderne kommunikasie-middele. Hoewel dit tot hoër produksie sal lei, sal dit met 'n verlies aan menslike en natuurlike hulpbronne gepaard gaan. Minder maar groter boere, arbeiders wat werkloos is, die platteland se ekonomieë wat stagneer, dorpieë wat ontvolk en skole en kerke wat tot niets gaan sal maar enkele van die nuwe-effekte van landbou se toekoms wees.

Landbou sal wesentlik moet verander om 'n katastrofe te vermy. Dit sal nie 'n geleidelike evolusionêre verandering kan wees nie. Daarvoor is daar te min tyd. Dit sal 'n fundamentele verandering moet wees met 'n totale ander filosofie as wat huidig gevolg word. So 'n verandering sal:

- boere weer in entrepreneurs moet verander wat hulle familieboerderye bemark en bewaar;
- produksie moet aanmoedig wat meer oor die bevrediging van die verbruiker se behoeftes gaan eerder as om grondstowwe in groot volumes aan voedselverwerkers te verskaf;
- bewerkingspraktyke moet aanmoeding wat die menslike en natuurlike hulpbronne volhoubaar sal bewaar.

Landbou is nie in die moeilikheid omdat pryse laag is nie. Pryse is laag omdat landbou in die moeilikheid is. Die hoër produksie wat deur verbeterde tegnologie moontlik gemaak is, het tot dalende pryse gelei. Sodoende is die bose kringloop net verder voortgesit en boere is wêreldwyd gereduseer tot die verskaffers van grondstof aan 'n paar groot voedselverwerkers. Om uit hierdie kringloop te kom is dit miskien weer tyd om terug te keer na 'n filosofie van: *“Feed the village, everyone in the village, and do so in a manner that disturbed nature as little as possible.”*

---

**BETHLEHEM**  
**JUNIE 2005**